HOEKOM NOG FOKUS OP MIV EN VIGS?

Die toenemende beskikbaarheid van MIV-medikasie het die landskap rondom MIV baie verander. Mense met MIV kan relatief gesond bly leef en meer as 2 miljoen mense in Suid-Afrika ontvang tans antiretrovirale medikasie.

Ook het toegang tot MIV-medikasie die risiko van moeder na kind oordrag wonderbaarlik gereduseer tot byna nul.

Binne hierdie konteks erken en bely ons steeds "dat ons, die kerk, die liggaam van Christus, ook met MIV leef"*. Met ongeveer 6.4 miljoen mense in Suid-Afrika wat MIV positief is, weet ons MIV leef ook in ons midde, in on huise, families, vriendekringe, gemeenskappe en werksplekke. Ons as gemeentelede word dus op verskillende maniere geraak deur MIV.

Die Vigstaakgroep glo God het ons in hierdie wêreld geplaas om met alles wat ons het, ook te reageer op die realiteite en uitdagings waarmee MIV ons konfronteer.

Na dekades van MIV programme en navorsing sê baie mense hulle is vigsvoos, moeg om van MIV te hoor. 'n Landswye studie** met meer as 52 000 verteenwoordigende respondente, het egter gevind dat net minder as 27% mense akkurate feite oor die oordrag van MIV het.

Een van die tragiese gevolge hiervan is dat duisende mense steeds met MIV geïnfekteer word. Dieselfde studie wys daarop dat daar in Suid-Afrika byna 1300 mense daagliks met MIV geïnfekteer word. Dit is gelykstaande aan 'n groterige gemeente of groot stedelike skool.

Ons as kerk kan nie hierdie realiteite ignoreer nie en daarom doen ons as Vigstaakgroep 'n ernstige beroep op gemeentes om erns te maak om MIV en Vigs weer op hul agendas te skuif.

Voetnotas:

* Die volledige MIV-verklaring is in Engels en Afrikaans beskikbaar by http://bit.ly/1LJeFIz
** Die studie staan bekend as South African National HIV Prevalence, Incidence and Behaviour Survey, 2012. Dit is beskikbaar by http://www.hsrc.ac.za/uploads/pageContent/4565/SABSSM%20IV%20LEO%20final.pdf

Vir meer inligting en bronne wat spesifiek op geloofsgemeenskappe se betrokkenheid by MIV gefokus is besoek http://www.cabsa.org.za/content/hiv-resources-and-news-specific-faith-focus

Vigstaakgroep: Diensgroep Armoede en Sorg

Oktober 2015